REKENINGKUNDE (= finansiële taal)

Wat behels die vakgebied Rekeningkunde?
Rekeningkunde is ‘n manier om finansiële inligting aan mense of instansies oor te dra. Rekeningkunde beteken dat al die transaksies wat in ‘n onderneming plaasvind, aangeteken of neergeskryf word. Dit word in rand en sent gekommunikeer sodat die eienaar(s) van ‘n onderneming kan bepaal of die onderneming winsgewend is of nie. Rekeningkunde behels egter meer as net die aanteken van transaksies. Dit is die proses waarvolgens inligting in die vorm van finansiële state bymekaar gebring word. Rekeningkunde vorm die basis vir die meeste besigheidsbesluite.
Buiten die eienaar(s) van ‘n onderneming, benodig ook die volgende partye bogenoemde finansiële inligting: krediteure van die onderneming, SA Inkomstediens, die bank en voornemende beleggers.
Voordele van Rekeningkunde as skoolvak
Rekeningkunde as skoolvak moet NIE alleenlik as ‘n beroepskeuse gesien word nie. Die feit dat Rekeningkunde nie ‘n voorvereiste vir ‘n B.Rek.-kursus is nie, bevestig dit.
Skool-Rekeningkunde leer vir leerders ***lewensvaardighede*** wat eintlik vir *elke* leerder tot voordeel is. Ongelukkig is almal nie ewe syfervaardig nie en daarom sukkel sommige leerders met die vak.
Sommige van die ***algemene vaardighede*** wat leerders wat Rekeningkunde neem, ontwikkel:
 Logiese & analitiese denke
 Finansiële geletterdheid
 Probleemoplossing
 Deursettingsvermoë
 Netheid
Ander meer ***spesifieke vaardighede*** wat Rekeningkunde vir leerders aanleer:
 Die begrip en gebruik van **begrotings** (al is dit slegs vir huishoudelike gebruik as hulle volwasse is)
 Interpretasie van inligting in finansiële state (as ‘n leerder eendag bv. ‘n narkotiseur is, met ‘n eie praktyk, gaan hy iemand betaal om sy finansiële state op te stel; met die agtergrond wat skool-Rekeningkunde vir hom bied, sal hy kan sin maak uit sy eie finansiële state!)
 Aandele as belegging (‘n leerder sal sinvolle verhoudings kan bereken om maatskappye se inligting te ontleed om sodoende ‘n besluit t.o.v. aandele te maak)
 Bankversoening (almal wat ‘n bankrekening het, kan baat vind by die kennis wat in hierdie afdeling van die Rekeningkunde-kurrikulum verkry word)
 Koste berekeninge (om gedetailleerde kosprys te bepaal wanneer hulle kinders eendag vir entrepreneursdae voorberei)
 BTW (almal betaal dit, maar hoeveel mense verstaan hoe dit werk, en waarom?)
 Sake-etiek (noodsaaklik as ‘n leerder eendag ‘n eie onderneming gaan bedryf)

Rekeningkunde as ‘n beroep
Beroepsmoontlikhede
 Rekenmeester
 Geoktrooieerde rekenmeester (CA – chartered accountant) / Ouditeur
 Interne ouditeur
 Forensiese ouditeur
 Finansiële bestuurder
 Batebestuurder
 Beleggingsbestuurder
 Bestuursrekenmeester
 Belastingkonsultant
 Handelsprokureur
 Dosent of opvoeder
 Eiendomswaardeerder
 Finansiële sekretaresse, ens.
Voordele van Rekeningkunde as ‘n beroep

 Werksekerheid (ALLE besighede het ‘n rekenmeester nodig; daar bestaan ‘n nasionale tekort aan rekenmeesters op alle vlakke).
 Wêreldwye mobiliteit (internasionale tekort aan rekenmeesters; ± 25 % van totale GR’s/CA’s werk in die buiteland).
 Buigsame werksgeleenthede (nie gebonde aan een beroep nie – kies waarvan jy hou uit wye verskeidenheid rigtings bv. belastingkundige eerder as ouditeur).
 Kennis om **persoonlike finansiële sekuriteit** te verseker.
 Hoë verdienste potensiaal(topsalarisse is aan die orde van die dag omdat GR’s/CA’s so gesog is).
 Goeie beroepskeuse vir vrouens omdat aanpassings by veranderde omstandighede moontlik is.
 Eie praktyk of vennoot in rekenmeestersfirma, veral op die platteland, ‘n groot moontlikheid.
 Vier baie groot maatskappye (Ernest & Young, PWC, KPMG en Deloitte) bied **beurse en ruim werksgeleenthede** vir jong persone

Vaardighede wat ‘n potensiële rekeningkundige benodig

 Goeie begrip van syfers
 Belangstelling in die besigheidswêreld
 Goeie taal- en kommunikasievaardighede
 Vermoë om met mense te werk
 Kreatiwiteit
 Rekenaarvaardigheid
 Aanbiedingsvaardighede
 Aandag aan detail

Programme in Rekeningkunde

Slegs twee van vele word genoem – albei bied kwalifikasies wat hoog in aanvraag is.

Geoktrooieerde rekenmeester (GR/CA)

 3 jaar B.Rek.-graad
 1 jaar B.Rek.-honneurs of (STR - Sertifikaat in Toegepaste Rekeningkunde)
 3 jaar klerkskap (tydens hierdie tydperk moet 2 raadseksamens suksesvol afgelê word)
 Registrasie by professionele liggaam (SAICA)

Al die erkende universiteite bied bg. kursusse aan. Die raadseksamens word deur SAICA afgeneem. Hierdie kwalifikasie is werklik baie gesog en word internasionaal erken.

Chartered Institute of Management Accountants (CIMA)

CIMA is die grootste bestuursrekenmeesters professionele liggaam ter wêreld.
‘n CIMA-kwalifikasie skep geleentheid vir bestuursrekenmeesters om oor alle sektore van die sakewêreld te werk. Hierdie persone is uiters geskik vir privaat praktyke wat spesialiseer in oudit en belasting of vir die openbare sektor.
Vereistes voordat ‘n persoon vir CIMA kan inskryf:

 Goeie Engels- en Wiskunde-vaardighede
 ‘n Erkende Rekeningkunde-kwalifkasie (bv. B.Rek. of B.Compt)

Goeie kombinasie van skoolvakke vir ‘n beroep in Rekeningkunde

 Wiskunde (die meeste programme in Rekeningkunde vereis Wiskunde, minstens 60% of 70%)
 Engels Huistaal word sterk aanbeveel (‘n goeie punt in Engels AddisioneleTaal is ook aanvaarbaar)
 Rekeningkunde, Besigheidstudies, RTT *of*
 Rekeningkunde, Besigheidstudies, Verbruikerstudies